20 MALEISIË Daar is ŉ groot aanvraag na meer Christelike literatuur in die Maleise taal. Bid dat God, Maleis-sprekende gelowiges sal lei om meer van hierdie materiaal te skryf of om geestelike boeke in ander tale na Maleis toe te vertaal.

21 MALEDIVE Bid vir ŉ uitreik om Malediviers vir Christus te bereik, beide binne en buite die land. Bid dat al die saad wat gesaai word, vrug sal dra wat sal groei tot ŉ sterk Malediviese Kerk.

22 NOORD-KOREA Die Noord-Koreaanse regering monitor en ondersoek die Christenaktiwiteite van buitelandse sendelinge en Noord-Koreaanse vlugtelinge, wat in stede naby aan die China-Korea grens (aan die Chinese kant) bly. Bid vir God se hand van beskerming oor hierdie sendelinge en vlugtelinge.

23 Bid dat God sendelinge, wat langs die China-Korea grens werk, wysheid en leiding sal gee om Noord-Koreaanse vlugtelinge te bedien. Bid ook dat God Sy mense binne Noord-Korea sal beskerm.

24 IVOORKUS Traoré (20) is ŉ hoërskoolleerling wat in 2016 ŉ Christen geword het. Sy familie het al baie dinge probeer om hom te kry om Christus te versaak, maar niks het geslaag nie. Bid vir die Here se volgehoue beskerming oor hom en dat hy in sy geloof bygestaan sal word.

25 NIGERIË Elizabeth Paul, ŉ universiteitstudent, is geskors nadat sommige Moslemstudente haar van godslastering aangekla het omdat sy oor Christus op sosiale media gedeel het. Sy is ook gearresteer vir verdere ondersoek. Bid vir God se genade en geregtigheid vir Elizabeth en dat sy sterk in die geloof sal bly.

26 DJIBOETI Christen-inboorlinge in Djiboeti is jonk in die geloof, met byna geen inheemse kerkleierskap nie vanweë die tekort aan 'volwasse' Christene. Bid dat die Here inheemse kerkleiers sal roep en toerus sodat plaaslike Christene in die geloof kan groei.

27 ERITREA Aanbidding in die Eritrese Kerk bly ŉ ingewikkelde saak vanweë sommige kerke wat kies om te registreer, terwyl ander gedwing word om ondergronds te bly—omdat hulle buite die toegelate kerkdenominasies in die land val. Dit veroorsaak oneenheid en wantroue tussen kerke. Bid vir die wyer Eritrese Kerk om verenig te word en vir wantroue om verbreek te word.

Bid dat Dinke* van Ethiopië en haar familie binnekort weer veilig na hul huis kan terugkeer.

28 ETHIOPIË Toe Dinke* (ŉ voormalige Moslem in haar 50's) uitgevind het dat haar oudste seun ŉ Christen geword het, was sy diep gekrenk. Maar nadat sy gekies het om haar seun te ondersteun, het sy ook ŉ Christen geword. Hulle was toe geforseer om, vanweë hul geloof, van hul huis te vlug. Bid dat hulle binnekort veilig na hul huis kan terugkeer.

29 KENIA Al-Shabaab het al kerke vernietig, Christene gedwing om van hul huise te vlug, en, in sommige gevalle Christene doodgemaak. Bid vir die Here se beskerming oor Sy Kerk in hierdie land.

30 SOMALIË Die Somaliese Christengemeenskap is klein en word konstant aangeval. Bid dat God hierdie klein, kwesbare gemeenskap sal beskerm en dat Hy arbeiders in sy oes sal uitstuur sodat die Kerk sal groei.

31 PAKISTAN Shahzad*, ŉ dag-tot-dag werker en ŉ Christen, word dikwels nie betaal vir sy dag se werk wanneer sy geloof ontdek word nie. So, hy het nou sy naam verander na 'Nazir' – ŉ Moslemnaam. Bid dat die Here vir Shahzad ŉ stabiele inkomste sal voorsien, vry van die stigma wat Christenskap in sy land dra.

*Name verander vir sekuriteitdoeleindes.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341 | **F** +27 11 888 9362
E southafrica@od.org | **I** www.opendoors.org.za

@opendoorssa | Open Doors South Africa | open_doors_sa

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD

"Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie…. Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie." –Jesaja 40:28-29 (1983)

Julie 2018

1 EGIPTE In Egipte het kerke begin om aktiwiteite, soos jeugkampe en familie-wegbreke, vir die somer te reël. Bid vir die veiligheid van die wat organiseer en deelneem aan hierdie gebeure gedurende die somermaande.

2 SENTRAAL-ASIË Bid vir die baie brawe Christenvroue in Sentraal-Asië. Hulle ervaar die ergste vervolging in hul families, gemeenskappe en lande. Ten spyte van die lyding, gebruik God hulle om Sy koninkryk te bou. Bid vir uithouvermoë vir hulle.

3 KAZAKSTAN In Kazakstan is die veranderinge in die geloofswette van die land, wat tans geïmplementeer word, hoofsaaklik ongunstig teenoor Christene. Bid dat die Kerk in die land sterk en wys sal bly te midde van die veranderinge.

4 OESBEKISTAN In die noordelike provinsie, Karakalpakstan, word verskeie pastore aangehou en wag hulle om in die hof te verskyn. Hulle moes voorheen boetes betaal oor hul bedieningsaktiwiteite. Bid vir krag vir hierdie pastore en hul families.

5 NIGER In Niger (ŉ Moslem-meerderheidsland) staar Christene verskeie uitdagings in die gesig, soos verhoogde druk om tot Islam te bekeer. Maar hulle is braaf te midde van die uitdagings. Bid dat die Here sal aanhou om hulle in hul geloof en getuienis aan hul Moslembure te versterk.

6 KAMEROEN Abdul ervaar druk vanaf sy familie wie, selfs na 10 jaar, steeds probeer om hom terug te keer na Islam. Hy bly vas staan in sy geloof en dien die Here deur ander Gelowiges van ŉ Moslemagtergrond te dissipel. Bid dat die Here vir Abdul sal beskerm en bemoedig in sy geloof en bediening.

7 SAOEDI-ARABIË Bid vir Christene in Saoedi-Arabië wie, om te oorleef, gedwing word om die Koran te lees en te maak asof hulle tot Allah bid. Bid dat hulle hul oë op Christus gerig sal hou en vir deursettingsvermoë wanneer die druk om hul geloof te herroep op die ergste is.

8 JEMEN Bid vir die saligheid vir Abdel Nur* se vrou. Hy bid al vir ŉ lang tyd dat sy die tree van geloof sal neem om vir Christus te leef, maar sy is onder geweldige druk van haar familie om ŉ Moslem te bly.

9 SIRIË Die oorlog in Sirië duur na sewe jaar steeds voort… Bid vir die Kerk om voort te gaan om die boodskap van

Bid asseblief vir die talle kerke in Algerië wat onder baie druk is en moontlik toegemaak mag word.

SIRIË vervolg

verlossing en versoening uit te leef, en dat as gevolg hiervan, die oë van die wat veg sal oopgaan en dat vrede sal seëvier.

10 ALGERIË Talle kerke in Algerië is onder baie druk. Party is beveel om toe te maak, terwyl ander dagvaardings teen hulle het. Bid asseblief vir wysheid en krag vir die kerkleiers, maar ook vir dapperheid vir hul gemeentelede om sterk in die geloof te bly.

11 INDIË Bid asseblief vir volharding en beskerming vir Christene regoor Indië, namate die vervolging teenoor hulle steeds styg. In slegs die eerste paar maande van hierdie jaar is baie Christene gruwelik aangeval vir hul geloof.

12 Bid tot God om in die harte van polisiebeamptes te werk wat die vervolging van Christene ondersteun en daartoe bydra. Die polisie het byvoorbeeld vir Hindoe Munnani (ŉ Hindoe ekstremistiese groep) inligting oor kerke in die suide van Indië gegee wat daartoe gelei het dat die ekstremiste hierdie kerke dreig.

13 BHOETAN Prys die Here vir die lewens van twee Christenwerkers, May* en Ram*, wat hulle daartoe verbind het om vervolgde Christene in Bhoetan op te spoor. Bid dat hulle altyd sensitief sal wees vir die leiding van die Heilige Gees om hierdie Christene te dien.

14 LAOS As gevolg van sekuriteitsbeperkinge in Laos, word Christelike aktiwiteite, soos dissipelskap en seminare, gereeld buite die land gehou. Deelnemers en fasiliteerders van hierdie gebeure word soms deur immigrasiebeamptes ondersoek wanneer hulle die grens oorsteek. Bid vir die Here se wysheid en genade tydens hulle reise.

15 SUIDELIKE FILIPPYNE Bid vir die Christenjeug in die Suidelike Filippyne wat deur hul families en vriende verwerp word oor hul geloof. Bid vir volharding vir hulle en dat, deur hul getuies, diegene om hulle ook tot geloof sal kom.

16 BANGLADESJ Pronob Chakma (34) is ŉ gelowige vanuit ŉ stamagtergrond. Hy sê, "Nadat ons in Jesus begin glo het, het ons baie gely. Hulle het ons geslaan, ons huise afgebrand, en ons kinders mishandel. Bid asseblief vir ons dat ons getrou aan Jesus sal wees. Bid dat ons God sal verheerlik deur ons lyding."

17 BROENEI Die Christenjeug van Broenei meen dat hulle twee uitdagings in die gesig staar: beperkings om hul geloof met ander te deel en druk om tot Islam te bekeer. Bid vir wysheid vir hierdie jeug aangesien hulle hierdie uitdagings in die gesig staar.

18 INDONESIË Bid vir die opleiding van opleiers wat die *Standing Strong Through the Storm*-seminaar vir jongmense aanbied. Hierdie is een van ons mees strategiese programme om ŉ generasie van sterk, jong Christene in Indonesië te bou.

19 Hou asseblief aan om vir Trinity (5) en Alvaro (5) te bid wat steeds behandeling ondergaan vir beserings opgedoen in ŉ bomaanval by hul kerk in Samarinda verlede jaar. Alvaro moet Maleisië toe gaan vir verdere behandeling.

Bid asseblief vir Alvaro (links) wat na Maleisië moet gaan vir verdere behandeling, asook vir Trinity wat beseer is in 'n bomontploffing by hul kerk in Indonesië.